Geliefde Lourensrivierder

Ons nuwe Kerkseisoen (Lydenstyd) het begin: KLIK HIER vir meer inligting oor Aswoensdag, Lydenstyd en Lent: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/inligting/nuus/353-aswoensdag asook http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/285-lydenstyd

Dit het begin op 1 Maart 2017 met Aswoensdag.....
Die Loofhuttefees (wanneer die Israeliete tydelike konstruksies van palmtakke gebou het om hulle reis deur die woestyn te gedenk en dankbaar te wees vir hulle beloofde land) dien as 'n belangrike verstaan van Aswoensdag. Die palmtakke is na die fees verbrand en die as is bewaar.
So 3 eeue na Christus het die Lydenstyd begin met Aswoensdag. Op Aswoensdag (Ses en veertig dae voor Paassondag) val die klem veral op die sterflikheid van die mens en op die belydenis van sondes geval.
Dit is 'n geleentheid vir verootmoediging, berou en sondebelydenis.
Op hierdie dag word daar soms 'n houtkruis in die kerkgebou aangebring wat gedurende die hele lydenstyd 'n sentrale fokuspunt van elke erediens vorm. Die liturgiese kleur vir Aswoensdag is grys. Die kleur vir die res van Lydenstyd is pers, maar dit verander na bloedrooi vir die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin.
Kom ons gebruik hierdie lydenstyd om ons verhouding met die Drie-enige God te verdiep.....

NUUSKRUMMELS: 02/03/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DIE RIVIERTJIE, ons maandelikse koerantjie, is nou beskikbaar op ons webtuiste:
http://www.lourensrivier.co.za/images/2017dokumente/Riviertjie%20201703.compressed.pdf

SOSIALE MEDIA BRING VERWARRING:
Die afgelope tyd is daar boodskappe wat aangestuur word aangaande ons Volkslied wat onwaar is. Ds Willem Botes wat vanaf 02 Februarie 1976 sendingwerk in Transkei onder die Xhosas gedoen het en vlot Xhosa praat het vir ons lig op die saak gewerp. Lees asb onder op bladsy 4 meer hieroor. Luister ook na hierdie mooi Afrikaanse weergawe van Coenie de Villiers en Elvis Blue:
https://www.youtube.com/watch?v=L2ljX2XNq48

ZAPPER

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store". Volg die instruksies om die bankkaart van jou keuse daaraan te koppel. Die meeste kredietkaarte (Visa- en Mastercard) kan gebruik word asook debietkaarte wat die "chip" in het. Capiteckaarte kan ook gebruik word, maar moet eers by 'n tak vir aanlynaankope geregistreer word. Nou kan jy die toepassing gebruik deur die kode (sien bo) te "scan".
Die kode verskyn op ons nuusbrief en is ook by die ingange van ons kerkgebou. Jy kan dit op jou eie tyd en enige plek doen. Nog iets om in gedagte te hou: Vir sekuriteit word aanbeveel dat jy in die "settings" van die app 'n kode opstel wat jy elke keer moet intik voordat jy die betaling laat deurgaan. Jy sal vin elke transaksie 'n epos van Zapper ontvang.
Navrae: Annalie @ 021 853 5991

#IMAGINE..... Droom. Glo. Doen.
Pappas en mammas, het julle al jul jongmense laat registreer vir die volgende kamp van 18-20 Maart 2017?? Registrasievorms is by die kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991)
Kontak: Constant Varley @ 072 224 3267

Dis 'n beweging van jong gelowige dromers en doeners wat God se roeping wil uitleef.
Dis 'n vennootskap van jeugleraars, jeugwerkers, bedieningsnetwerke, instansies en maatskappye wat met die NG Kerk familie hande vat om toe te sien dat die Kerk van môre haar roeping vandag vasgryp.
Dis hulpmiddele met spesifieke temas wat beskikbaar gestel word om tieners in gemeenteverband op hulle dissipelskap pad te begelei en om hulle geestelike leiers se taak te vergemaklik. Dis 'n plan om Suid Afrika radikaal te verander deur die leiers van die toekoms op die regte geestelike pad te plaas.
SANGER LOUIS BRITZ VERDUIDELIK: KLIK OP SKAKEL https://www.youtube.com/watch?v=qNtv_FVM4Q0
SKAKEL NA #IMAGINE WEBWERF: http://imaginemovement.co.za/en/home/

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

STRAND BUURTWAG NUUS:

Ons van die Buurtwag se kant het 'n projek onderneem om die duinepark onder in kusweg in die Strand tussen die bosse skoon te maak . Tans is dit 'n gemors van plastiek en papiere daar tussen die bosse. Ons kort egter hande om te help optel. Ons beplan die projek vir Saterdagoggend 11 Maart 2017 om 08h00. Daar sal swartsakke wees en sleepwaens om die sakke mee weg te ry. Dit is 'n goeie projek waarmee die gemeenskap betrokke kan raak.
Dit behoort teen 11h00 die oggend klaar te wees .

Hoor graag van julle
Groete, Carl Gersbach
0218510973 of 0836352114
e-pos: chgeng@telkomsa.net

DEEL DIE GOEIE NUUS VAN PAASFEES MET DIE WêRELD:

Is The Gospel For EVERY1? Is the Gospel of Jesus really for EVERY1? In short, YES!

The Gospel of Jesus is for EVERY1, no matter who you are or what you may have done. And it's for this reason that we exist – to help you tell your friends and family about this amazing God who loves them so much that He gave His one and only Son for them. Perhaps you find it difficult to tell your friends and family about Jesus. But here is something that isn't difficult: sharing a video ☺
So why not try it? Why not share a yesHEis video with someone in your world who doesn't know Jesus and see what happens! You never know, it could just be the very thing that that person needs to see in that moment. Alternatively, join our Easter Campaign, EVERY1, where thousands of Christians around Africa are going to be sharing their faith online over the Easter Weekend. CLICK HERE: http://every1.cvafr.com/
The EVERY1 campaign will run over the course of the Easter weekend, and aims to introduce people to Jesus through an online video, portraying individuals from varying walks of life, sharing the Gospel. But that's not all: not only do we want to introduce people to Jesus; we also want to help them get plugged into a local church near them. Alternativley email Africa@yesHEis.com to find out more.

Regards
The yesHEis Africa Team.

KNIEWERK:

- Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in nood nie.
- Burrie van Zijl vir spoedige herstel en beterskap
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen
- Retha le Roux se pa is baie siek

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 5 MAART SE BOODSKAP: Mat 4:1-11

EERSTE WEEK IN LYDENSTYD: Die verhaal van Jesus se versoekings is in die eerste plek ’n verhaal wat, soortgelyk aan die verhaal van die kruisiging, aan ons verkondig dat Jesus gekies het om ons lief te hê en dat Hy onwrikbaar doelgerig hierdie keuse gevolg het. Vandag is die eerste Sondag van Lydenstyd. Ons het gehoor dat Jesus in die woestyn, honger en dors en blootgestel aan die duiwel se versoekings – Jesus met ons – is. Hy is Immanuel in ons woestyne en ons lyding en ons versoekings. Dit kom bevestig vandag: Christus is teenwoordig, met ons, in ons lyding en swaarkry. Dit gee ons troos en hoop. Daarom kan ons Christus hierdie Lydenstyd volg deur ook met mekaar en met ander in hulle lyding te wees.

SYLVESTER STALLONE PRAAT OOR VERSOEKING:

Hy het die vermaaklikheidswêreld in 2006 verras deur sy ikoniese fliekheld, Rocky Balboa, vir 'n laaste keer na die silwerskerm te bring. Terwyl hy die film bemark het, het Stallone Christene verras deur te sê sy geloof in Jesus Christus het die skryf van die eerste Rocky-draaiboek beïnvloed. Sy hernude toewyding en verbintenis aan Jesus het hom gemotiveer om die jongste en laaste Rocky-draaiboek te skryf, het hy gesê. Hy het die hele storie in 'n onderhoud met Citizenlink.com vertel: "Ek het in 'n Christelike huis opgegroei en het kerkskole bygewoon. Daar het ek deel geword van die Christelike geloof. Ek het my geloof probeer uitleef, maar het deur my werk in die sogenaamde regte wêreld daarbuite beland waar ek met versoeking gekonfronteer is. Ek het só soort van my koers verloor en 'n klomp baie slegte keuses gemaak."
Al hierdie slegte keuses, veral om roem en sy loopbaan 'n groter prioriteit as sy familie te gee, het Stallone altyd diep bly pla. Toe is hy terug kerk toe. "Hoe meer ek kerk toe gaan, hoe meer gee ek myself vir die proses om in Jesus te glo, na sy Woord te luister, en te beleef hoe Hy my lewe stuur," het Stallone in die onderhoud gesê. Hy vertel hoe hy geleer het hy kan Jesus Christus meer vertrou as wat hy homself kan vertrou. "Mens het die ekspertise en die leiding van iemand anders nodig. Mens kan jouself nie afrig nie. Dis presies hoe ek oor Jesus, die Christelike geloof en die kerk voel. Jesus is die afrigter, en die kerk is die gimnasium vir die Christelike lewe." Versoeking, het Stallone ontdek, is 'n werklikheid.
Daar is geen groei in jou Christelike identiteit en die uitleef van jou roeping, sonder versoeking nie.

Maar daar is ook 'n Afrigter.....

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE

NKOSI SIKELEL' IAFRIKA (LORD BLESS AFRICA)

"Nkosi Sikelel' iAfrika is 'n lied wat in 1897 deur Enoch Sontonga, 'n Xhosa leraar van die Metodiste Kerk naby Johannesburg geskryf is as 'n geestelike lied wat in die kerk gesing is. Ander verse is later deur Ds Samuel E Mqhayi in 1927 bygevoeg. Later is dit deur verskillende groepe aanvaar as hul lied. Dis ook as volkslied van 'n aantal lande na hul onafhanklikheid aanvaar. Die woord "Nkosi" is die naam van die Here. Ook die Heilige Gees word direk aangespreek en gevra om ons te seën. Daar is 'n ander woord wat ek graag wil regstel in die WhatsApp boodskappe wat die rondte doen. Die tweede sin hieronder word heel verkeerd geskryf. Volgens die Whatsapp staan daar: "Ma'o phakamiso umkhondo lwayo" Dit is verkeerde Xhosa, die woord "umkhondo" word ook nie gebruik nie. In Xhosa beteken daardie woord "spoor". Verder is die Afrikaanse vertaling "Kom lig die volk op na U" ook verkeerd. Hier is die regte vertaling: Nkosi Sikelel' iAfrika *(Lord Bless Africa);* Maluphakanyisw' uphondo lwayo *(May her glory be lifted high)*

Nkosi Sikelel' iAfrika (Lord Bless Africa)
Nkosi Sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo (May her glory be lifted high)
Yiva imathandazo yethu (Hear our petitions)
Nkosi Sikelela (Lord bless us)
Thina lusapho lwayo (Us your children)
Yihla Moya, (Come Spirit)
Yihla Moya, yihla Moya,
Yihla Moya,
Yihla Moya, yihla Moya,
Yihla Moya oyingcwele (Come Holy Spirit)
Nkosi sikelele (Lord bless us)
Thina lusapho lwayo. (Us your children)
Morena boloka sechaba sa heso, (Lord we ask You to protect our nation)
O fedise dintwa le matshwenyeho, (Intervene and end all conflicts)
Morena boloka sechaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho.
O se boloke, o se boloke, (Protect us)
O se boloke morena se boloke,
Sechaba sa heso (Protect our nation)
Sechaba sa heso
Ma kube njalo! (Let it be so)
Ma kube njalo!
Kude kube ngunaphakade, (Forever and ever)
Kude kube ngunaphakade!

Nkosi Sikelel' iAfrika (Classic Xhosa Version)
Nkosi, sikelel' iAfrika;
Malupakam'upondo lwayo;
Yiva imitandazo yetu
Usisikelele.
Chorus
Yihla Moya, Yihla Moya,
Yihla Moya Oyingcwele
Sikelela iNkosi zetu;
Zimkumbule umDali wazo;
Zimoyike zezimhlouele,
Azisikelele.
Sikelel' amadol' esizwe,
Sikelela kwa nomlisela
Ulitwal'ilizwe ngomonde,
Uwusikilele.
Sikelel'amakosikazi;
Nawo onk'amanenekazi;
Pakamisa wonk'umtinjana
Uwusikilele.
Sikelela abafundisi
Bemvaba zonke zelilizwe;
Ubatwese ngoMoya Wako
Ubasikelele.
Sikelel'ulimo nemfuyo;
Gxota zonk'indlala nezifo;
Zalisa ilizwe ngempilo
Ulisikelele
Sikelel'amalinga etu
Awomanyana nokuzaka,
Awemfundo nemvisiswano
Uwasikelele.
Nkosi Sikelel' iAfrika;
Cima bonk' ubugwenxa bayo
Nezigqito, nezono zayo
Uyisikelele

God Bless Africa (Original Lovedale English Translation)
Lord, bless Africa;
May her horn rise high up;
Hear Thou our prayers
And bless us.
Chorus
Descend, O Spirit,
Descend, O Holy Spirit.
Bless our chiefs
May they remember their Creator.
Fear Him and revere Him,
That He may bless them.
Bless the public men,
Bless also the youth
That they may carry the land with
patience
and that Thou mayst bless them.
Bless the wives
And also all young women;
Lift up all the young girls
And bless them.
Bless the ministers
of all the churches of this land;
Endue them with Thy Spirit
And bless them.
Bless agriculture and stock raising
Banish all famine and diseases;
Fill the land with good health
And bless it.
Bless our efforts
of union and self-uplift,
Of education and mutual understanding
And bless them.
Lord, bless Africa
Blot out all its wickedness
And its transgressions and sins,
And bless it.

Seën ons Here God, Seën Afrika
Seën ons Here God, seën Afrika,
Laat haar mag tot in die hemel reik,
Hoor ons as ons in gebede vra,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Kom woon in ons,
Lei ons, O Heilige Gees.
Hou U hand o Heer oor Afrika,
Lei ons tot by eenheid en begrip,
Hoor ons as ons U om vrede vra,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.
Seën ons Here God, seën Afrika,
Neem dan nou die boosheid van ons weg,
Maak ons van ons sonde ewig vry,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika